*Vrydag* **3 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 96**
**Fokusgedeelte: Psalm 96:1-5, 13 (AFR53)**
**Verheerlik, vertel, verwag!**

Die ware God is groot en baie lofwaardig. Hy is immers die Skepper van die hemele. Daarom moet almal sy lof besing. Nie net met liedere nie, maar met ’n dankbare, gehoorsame, diensbare lewenswyse. Die Psalm roep ons op om God so te verheerlik!

Hy is egter nie net die Skepper nie, maar ook die God wat sy kinders verlos. Daarom moet ook net sý lof besing en sý heil van dag tot dag verkondig word onder die nasies. Al die ander gode is afgode en die lewende God is gedug bo al die gode. Juis daarom moet ons vir ander van Hom vertel!

Die Here se Naam moet verder ook geprys word, want Hy kom om die aarde te oordeel met geregtigheid en trou (vs 13). Geregtigheid verwys hier na God se eis vir die betaling van sonde weens sy heiligheid, en na die regverdige manier waarop God sy oordeel voltrek, dat elkeen wat gestraf word, dit verdien. Trou verwys hier na God se trou aan sy verbondsbeloftes, dat Hy sal doen wat Hy beloof het. Omdat God getrou is aan sy verbond, het Hy sy Seun gestuur om sy regverdige straf oor ons sondes op Hom te neem en ons so regverdig (vrygespreek) te maak. Die Psalm sing dus vooruit van die Verlosser, Jesus Christus, wat sou kom ons sondes weg te neem.

Maar dit is nie al nie! Die Psalm sing ook vooruit van die eindoordeel wat wag aan die einde van die tyd. God kom, daarom moet sy Naam verheerlik word en moet ons Hom verwag. Die Psalm sing immers vooruit van die koms van Christus om die gelowiges vir ewig te verlos en by Hom te neem.

*Sing: Psalm 96-1:1, 8*

*Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord en Aros)*